

Die MATIE

NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 8

WOENSDAG 31 MAART 2010

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI

Die Bloukamer
Restaurant - Catering-
Conference Facility
www.diebloukamer.co.za
Top Floor Neesie Centre
...where friends meet!
021 808 2846
erika@diebloukamer.co.za

NEWS

Campus maintenance suffering backlog

3

AKTUELLE SAKE

Leersentrum in biblioteek ontwikkel

6

STUDENT LIFE

Facebook-stalking a harsh reality

9



DAG & NAG

Afro-pop on show at SMAC

12

KWYTRAAK

Bondina Osterhoff passievol oor die kunste

15



WE ARE THE CHAMPIONS The FNB Maties Rugby team celebrate their win in the final of the FNB Varsity Cup. FNB Maties beat FNB Ikeys 17-14 at the Coetzenburg Stadium on Monday 29 March to claim their third consecutive FNB Varsity Cup win. The team walked away with R250 000 in prize money.

Photo: JANDRE ROBBERTZ

Senior bestuurder by IT se betrokkenheid by Willie Davidse Bekabeling bevaagteken

US ondersoek beweerde korruksie by IT

ANIKA MARAIS

Die Universiteit Stellenbosch (US) het 'n ondersoek geloods in verband met bewerings dat senior bestuurder van 'n afdeling Informasie Tegnologie (IT), wie se identiteit aan *Die Matie* bekend is, na bewering betrokke is by moontlike korruksie wat met die onderneming Willie Davidse Bekabeling verband hou.

Mnr Mohamed Shaikh, senior direkteur: Kommunikasie en Skakeling, het bevestig "dat daar 'n ondersoek aan die gang is na beweerd optrede of prakteke wat moontlik strydig is met die reëls en/of voorstelte van die universiteit".

Shaikh het ook bevestig dat die ondersoek in 'n gevorderde stadium is.

"Indien die volledige ondersoek daadwerklike wanprakteke bevind, sal die universiteit kragtens sy disiplinêre kode vir personeel op die verdere hantering van die saak en die gepaste bestraffende optrede besluit."

Die Matie het van 'n anonieme bron inligting oor die beweerde korruksie ontvang.

Die bron beweer die senior bestuurder het 'n onderneming in Willie Davidse se naam gestig, naamlik Willie Davidse Bekabeling.

Willie Davidse is die eienaar van dié onderneming.

Die senior bestuurder verseker

dan na bewering dat Willie Davidse Bekabeling kontrakte van die US ontvang.

"...daar [is] 'n ondersoek aan die gang na beweerd optrede of prakteke wat moontlik strydig is met die reëls..."

Die bron beweer dat die senior bestuurder tekenregte vir die onderneming het, maar Davidse self nie.

Willie Davidse Bekabeling het aan die begin van 2010 netwerkinstalering by Academia behartig.

Die bron beweer ook die moontlikheid bestaan dat indien die senior bestuurder nie Willie Davidse Bekabeling geregistreer het of bestuur nie, hy finansieel bevoordeel word indien hy kontrakte aan Davidse toeken. Davidse ontken bogenoemde aantygs.

"Dis onmoontlik. [Ek en die senior bestuurder] werk nie in 'n vennootskap nie. Hy werk nie vir my nie en ek werk nie vir hom nie. Almal by IT weet ek doen goeie werk."

Davidse sê mense het hierdie gerugte al aan hom genoem. Hy bevestig ook dat hy naamlose oproepe aangaande dié saak ontvang het.

"Dis nie dat iemand bevoordeel is nie. Alles by die universiteit het regverdig verloop. Ek verdien my geld eerlik."

Davidse het by die universiteit vir drie kontrakte gekwoteer, waarvan hy twee ontvang het.

"Ek het maar min gequote, want ek moet my manne aan die werk hou."

Die senior bestuurder het verkies om nie op die aantygs kommentaar te lewer nie, "sodat die universiteit die geleenthed gegun word om deur sy prosesse te gaan voordat [hy] kommentaar lewer".

Die Matie se bron het verduidelik dat IT in die verlede self netwerk-instalering en bekabeling behartig het, maar "toe is almal rondgeskuif en daarna het Willie Davidse Bekabeling ontstaan, met die senior bestuurder in 'n raadgewende hoedanigheid".

- vervolg op p 2

Exclusive Maties Prepaid Internet deal

Prepaid Internet pack only R999

Includes:

- USB modem
- Installation disk
- Free email
- 30 MB data

Up to 5 Gigs of data for only R100

Get a Student Zone Prepaid starter pack, top-up with a R100 voucher & receive:

5 Gigs OR 1 Gig OR Combo

To connect to university sites (e.g. my.sun.ac.za)

How to work your WORK

General internet access (e.g. my.sun.ac.za)

How to work your PLAY

For more information contact Tinus Botha cell: 082 895 3910 email: info@compusmile.co.za

Terms and conditions apply

broadband. simplified

Skryf in voor 12 April 2010 vir:

Manikuur, Pedikuur & Nag Tegnologie by Isa Carstens Akademie!

Die skryfbedankte Isa Carstens Akademie, geleë in die skildragende Stellenbosch, bied jou die geleenthed om in te skryf vir 'n kursus in Manikuur, Pedikuur en Nag Tegnologie. Die kursus sal jou meer wetenskap, vaardighede en inspirasie oor 'n spesiale liggaam te bring.

Die kursus geskik vir 'n student wat onvoldig is vir die gesondheid en vleug Industrile, nis profiel vir die aansienlike persoon wat nie op internasionale Waterloopsgrense moet bly nie. Kom ons leer!

Volgende kursus begin: 12 April - 18 Junie 2010

Opleidingsperiode: 10 weke / Internasionale Manikuur & Nag Tegnologie: 13 weke.

Wat is die kursus? Die kursus is gebaseer op die kursus in Manikuur, Pedikuur en Nag Tegnologie.

• Inklusive verkrag vir 'n interasionale Manikuur & Nag Tegnologie.

• Alles wat gevra word vir die kursus is inbegryp.

• Kosten van die kursus is inbegryp.

DOEN DOK NAVRAAG OOR ONS VOLGENDE GAP JAAR INNAME IN APRIL EN JUNIE!

Stellenbosch Academy of Health and Skin Care Therapy t/a Isa Carstens Hands and Nail Care Academy

By Die Paarl Universiteit Onderwysers: 10 Geelveldstraat, Paarl, 7600. Tel: 021 876 2645 Fax: 021 876 2646

SAIPI 021 876 2645 • Fax: 021 876 2646 • Email: info@isa-carstens.co.za • Web: www.isa-carstens.co.za

isa carstens

NEWSINBRIEF**NUUSINKORT****Studenteraadslid tree uit**

TSHEPO Mvulane, voormalige Studenteraadslid vir Aktuele en Sosiale kwessies en MatieTrots, het weens akademiese redes bedank.

Volgens die Uitvoerende Komitee (UK) van die Studenteraad (SR) het Mvulane bedank weens sy onvermoë om vir 'n akademiese program te herregistreer.

Ettiene Esterhuysen het die posisie as nuwe SR-lid aanvaar.

Die Stellenbosch-Studenteuniegrondwet stipuleer dat indien 'n SR-lid vervang moet word, die volgende kandidaat wat die meeste stemme verkry het, die posisie

moet vul.

Mvulane het die SR op 13 Maart in 'n ope e-pos van sy bedanking ingelig.

Die UK van die SR sal verantwoordelik wees vir die heralokering van portefeuilles indien nodig.

Esterhuysen sal die voog van Erica en Concordia wees.

Volgens 'n verklaring wat deur die SR uitgereik is, is die portefeuilles wat tans vakant is steeds belangrik en integraal tot die funksionering van die SR vir hierdie termyn.

- Anika Marais

Human Rights courses offered

STELLENBOSCH University (SU) has launched a Unit for Human Rights Mainstreaming and Capacity Building.

The launch took place at Wallenberg Research Centre at the Stellenbosch Institute for Advanced Study (STIAS) on Friday 19 March.

The unit is a partnership between SU, the Western Cape provincial government, and the Human Rights department of the premier.

According to prof Amanda Gouws, lecturer: Political Science and head of the unit, the broad

aim is to focus on the interests and needs of marginalised groups such as women, disabled people and people living with HIV/Aids, among others.

"Government also identified this as a need and is in support of courses like this," Gouws said.

The unit aims to increase the amount of representation of these and other marginalised groups in provincial government. The unit is located within the Centre for International and Comparative Politics in SU's department of Political Science.

- Livhu Ramugondo

- vervolg van p 1

Davidse ontken dat die senior bestuurder sy adviseur is, maar noem "dat ek iemand anders het wat my bstaan".

Die bron meen ook dat die senior bestuurder 'n ander onderneming, *Educables*, besit wat hy uit sy garage bedryf. Die bron meen dit kan verdag wees, aangesien Davidse ook kabels aan die US verskaf. Die bron voeg ook by dat personeel artikels soos multiproppe, kabels en routers by Davidse koop. In die verlede het die

senior bestuurder ook kabels na die IT-kantore gebring wat dan kontant aan studente verkoop is sonder om aan hulle kwotansies te verskaf.

Volgens die US se Finansiële Beleid vereis die Aankoop en Tenderbeleid en -Procedure, dat "die nie-verklaring van verwantskappe/belange en van die ontvangs van geskenke in 'n baie ernstige lig gesien [word] en kan [dit] tot dissiplinêre optrede teen personeel en/of ongeldigverklaring van 'n tenderproses en/of opskorting van 'n verskaffingskontrak lei."

Errata

In die vorige uitgawe van *Die Matie* (10/03), in die berig "US-raadsverkiesing begin met probleme", word daar berig dat die versoek van prof Russel Botman, rektor: US, om die name van die genomineerdes bekend te maak, vroeër deur die raadsvoorsitter geweier is.

Dit is foutief.

Botman het versoeke uit die gelede van die kandidate ontvang om binne die konteks van die US

se beleid van groter deursigtigheid en openheid en ook omrede die buitengewone belangstelling in die verkiesing, die name van die persone wat die kandidate genomineer het, bekend te maak.

Op bladsy 23 word daar berig dat Nerina-vrouekoshuis die interkoshuiskietoernooi gewen het. Dit is inkorrekt.

Erica-vrouekoshuis was in werkelikhed die winners van die hokkie-toernooi.

Bergzicht Plaza Laundry

**Drop & Collect
5 Days a Week**

Reliable Lucille,
will be at to your service

**Bergzicht Plaza
Wassery**

Voorafbetaalde
waargriff beskikbaar

Beloulaire Lucille,
sal tot u diens wees

Wit lauwrie, skakel:
082 258 0568

**CAPE BUDGET HOTELS
RIVerview Lodge**

SPECIALISTS IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

5 star budget accommodation R140/night-breakfast incl.


RIVerview Lodge (CAPE TOWN)

Ideal for large/small groups

Conveniently close to UCT and all that Cape Town offers

Holiday accommodation

Tel: +27 21 559 1111
Fax: +27 21 559 1112
Email: riverview@riva.co.za
www.riverview.co.za



TRIAL BY FIRE The top floor of the Brazen Head Irish Restaurant and Pub is seen here after the fire that devastated this part of the building on 4 March 2010. According to forensic tests, the fire was started by a discarded cigarette butt in a dustbin. According to Freda Streicher, co-owner, management is awaiting council approval of architectural plans before rebuilding can commence. "We hope to open the bottom floor for business after the Easter weekend as soon as we've received our electricity certificate."

Photo: JANDRE ROBBERTZ

SRC leaders from state universities attend conference

Building campus diversity

ANTHEA HARTZENBERG

Student leaders from universities across South Africa recently attended a youth leadership training and cultural diversity conference facilitated by the Desmond Tutu Diversity Trust.

The conference took place in Centurion between 19 and 22 March and was aimed at bringing student leaders together to develop leadership skills in different contexts and also help develop trans-cultural leadership capabilities.

According to the Desmond Tutu Diversity Trust CEO, Gerrie Lubbe, a recent incident of physical confrontation and conflict on a university campus highlighted the need for a conference of this nature.

"Conflicts on our university campuses are, to a certain extent, a result of the nature of the cross-cultural diversity on the campuses and of our [complex] history," Lubbe said.

The two aims of the conference were to discuss the ideas of leadership and diversity on campuses and in society. Dr Danny Titus, from the Human Rights Commission, and other

leaders in business were invited to speak to the student leaders on these issues.

Lubbe said that the conference, which invited student leaders from all of the twenty-three state universities as well as the Monash University, is the first of its kind in the country.

"Student Representative Council (SRC) leaders have never met on a national level to discuss these issues. It gave them the opportunity to share and exchange ideas, which was very empowering," Lubbe said.

Nadia Marais, SRC member: Unity and Dialogue, says she found the conference "extremely enlightening".

"It was good to engage with student leaders from other universities and campuses and hear their opinions and thoughts on issues," Marais said.

She added that there were many different opinions, but that student leaders were also able to find consensus and collaboration.

"Students were encouraged to design and establish different projects on their campuses that would carry on the message of diversity and cross-cultural leadership," Lubbe said.

According to Marais, the SRC Unity and Dialogue portfolio is

working closely with the Unit for Multiculturalism and Diversity on various projects.

"Post-conference, some universities are collaborating on different projects and initiatives."

"In the Western Cape particularly we are looking at ways to work more closely together on these issues," Marais added.

As a follow-up project, Western Cape universities hope to engage in the Unity Festival taking place later this year.

"We are hoping to have universities participate in the festival, which will be held on National Heritage Day. The form of participation is not yet clear [but] we have met with the organising committee of the festival and plans are coming along," Marais said.

The Trust plans on visiting different campuses in six months to follow up on the initiatives and to run a similar conference again in a few years with new SRC members.

Delegates from twenty-one universities attended the conference, including Stellenbosch University, the University of Cape Town, North West University and the University of Pretoria.

US bied gratis programmeringkursus

SUZANNE GLATTHAAR

SKOOLLEERDERS van nege skole in die Kaap en Boland het onlangs 'n Python-rekenaarprogrammeringkursus by die Universiteit Stellenbosch (US) bygewoon.

Dié inleidende kursus is gesamentlik deur die US se Departement van Wiskundige Wetenskappe se rekenaarafdeling en die Universiteit van Kaapstad (UK) se Algoritme-Vereniging aangebied.

Die kursus is gratis aangebied vir skoolleerders van Graad 8 tot 11 met geen agtergrondkennis of ervaring van rekenaarprogrammering nie.

Dr Steve Kroon: US rekenaarwetenskapdoseent, verduidelik dat die Python-rekenaarprogrammeringkursus 'n gewilde onderwysmiddel is omdat dit bekend is vir die "relatief maklik verstaanbare programmeertaal."

Lesings oor die Python-rekenaarprogrammeringkursus het oor drie dae gestrek. Die lesings is op beide die UK-kampus en die US-kampus aangebied. Die leerders het die lesings wat by die UK-kampus aangebied is, deur middel van lewendige internetuitsendings by die US gevolg. Assisteente van die US was ook betrokke by die aangebieding van die kursus om te help met die

leerders se persoonlike vrae.

Kroon verduidelik dat die kursus deel vorm van 'n inisiatief om belangstelling in rekenaarprogrammering op skoolvlak aan te wakker.

"Dit is nodig om meer personeel op te lei wat oor programmeringsprobleemoplossingsvaardighede beskik, ten einde tegnologiese vooruitgang in Suid-Afrika te bewerkstellig," het Kroon gesê.

Eben Dönges Hoërs, Belhar Hoërs, De Kuilen Hoërs en Belville Tegniese Skool het die opleiding bygewoon.

Ander skole sluit in Spine Road Hoërs, Settlers Hoërs, Islamia Kollege, Stellenbosch Hoërs en Strandfontein Sekondêr.

Aged piping infrastructure strained

Campus experiencing maintenance backlog – SU

ANTHEA HARTZENBERG

Campus maintenance has been put in the spotlight following multiple pipe bursts in and around campus.

Burst pipes have recently been spotted in front of the Faculty of Arts, in the Neelsie student centre, along Victoria Street and in front of the JS Gericke Library, among other places.

A pipe burst in the Neelsie Sanlam Hall kitchen a few weeks before the end of the first term, and water seeped through the ceiling.

The water then ended up on the floor in front of the Post Office, which is situated on the ground floor of the student centre directly below the first floor kitchen.

These incidents led to questions being raised about the upkeep of maintenance on campus.

According to Mohamed Shaikh, senior director: Communication and Liaison, the university is currently suffering a maintenance backlog on campus.

Shaikh said that the university regards maintenance of its buildings and grounds as a top priority and noted that "plans are in place to source the necessary funds to catch up with the

backlog of deferred maintenance".

Shaikh said that the water spills due to burst pipes can be attributed to old piping systems.

"Unfortunately, a large number of the piping systems on campus have exceeded their life span, which has resulted in pipe bursts at times," Shaikh said.

"Due to limited funding, it is not currently possible to replace the whole piping network, but problem areas are identified and piping systems in these areas are replaced with larger pipes where necessary," Shaikh said.

Gushing water from a sprinkler system in front of the JS Gericke library caused the university some embarrassment when it caused a flood of muddy water to pool in front of the library's main entrance.

At the time, the library was hosting the welcoming function of the annual presidential meeting of the International Library Associations and Institutions (IFLA), of which ms Ellen Tise, director of the JS Gericke library, is the current president.

The presidential meeting ran concurrently with the annual library symposium.

According to mr Schalk Smit, head of finance: JS Gericke library, the surging water went on for "about three

or four hours" and led to a "very uncomfortable position".

"Unfortunately, when guests arrived there was a pool of muddy water in front of the entrance to the main building."

"Though it was river and not municipal water, it was still a bit of an embarrassment as guests didn't know [that it was river water]," he said.

An aged sprinkler system and faulty stop-valve were to blame for the overflow.

"[Because] the library is situated underground, puddles of water could seep through the walls and endanger the books," Smit added.

According to Shaikh, the inferior piping is not exclusive to Stellenbosch.

"The problem is not unique to the campus or to Stellenbosch, but rather a country-wide problem."

"Over the last 15 to 20 years, the university has experienced a phenomenal growth in student numbers, putting extra pressure on piping systems, especially with regard to sewage and the provision of fresh water," he added.

Shaikh said that Facilities Management and the Stellenbosch Municipality are closely monitoring the situation and will do remedial work when required.



TROTSE MATIES Die Maties Eerste-sokkerspan is oorlangs, as deel van die Kick TB 2010-veldtog, as TB-ambassadeurs gekies. Hier is lede van Maties-Sokker se eerstespan.

Foto: JOHANN SWART

Maties-Sokker deel van TB-veldtog

ZIEGBERT CARSTENS

MATIES se eerste sokkerspan is op Maandag 15 Maart tydens 'n bewus-makingsgeleenthed by Kayamandi Hoërskool as TB-ambassadeurs vir 2010 aangewys.

Die aanwywing word saam met die Kick TB 2010-veldtog aangebied.

Hierdie projek is 'n gesamentlike inisiatief van die nasionale Gesondheidsdepartement en die Desmond Tutu TB-sentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) se fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Die Kayamandi-geleenthed was die voorloper van die nasionale veldtog wat op 26 Maart in die Sam Ntuli-Stadion in Gauteng geloods is.

Die projek is ook in Desember 2009 tydens 'n TB-kongres in Meksiko aan meer as 2 000 afgevaardigdes van verskeie lande bekendgestel.

Aanwysings is gegee oor hoe om die projek in die onderskeie lande te implementeer.

Ongeveer 250 000 sokkerballe met TB-simptome en -inligting daarop aangedui word nasionaal as deel van die veldtog versprei.

Mnr Garth le Roux, bestuurder: Maties-Sokker, het gesê dat die US se sokkerspan by sokker-ontwikkeling by skole in Kayamandi betrokke is.

"Alhoewel ons hierdie jaar in die euforie van die Wêreldbeker vasgevang is, besef ons egter dat die lewe oor veel meer as net sport gaan."

"[Ons] sal dus hierdie forum gebruik om 'n bewustheid vir TB in Kayamandi te skep en so probeer om 'n noemenswaardige verskil in die lewens van persone wat deur TB geaffekteer is, te maak."

Volgens me Wena Moelich, nasionale projekbestuurder van die Kick TB 2010-veldtog, het TB pandemiese afmetings begin aanneem en is die siekte- en sterfsterke ontstellend.

Moelich meen dat daar bykomend ook 'n groot stigma daarvan verbonden is om TB te hê.

"[Dit] is 'n massiewe probleem,

[maar] ons glo dat hierdie positiewe aanslag [rakende] TB die stigma 'n groot knou toedien."

"Dit is nodig omveral leerders bewus te maak van TB, maar op so 'n wyse dat dit 'n blywende impak sal maak."

"Hierdie sokkerballe gaan die boodskap huisbring. Leerders sien nou die TB-simptome en boodskappe op 'n cool sokkerbal – dit is fantasie," het sy gesê.

Op 'n vraag oor hoekom daar besluit is om sokker by die bewus-makingsveldtog te betrek, het Moelich geantwoord dat "sokker so 'n positiewe sport" is en dat amal sokkermal is in 2010.

"Ons 'kapitaliseer' op die passie rondom dié grootse internasionale geleenthed om ons gesondheidssokkerbaal te bring."

Die Desmond Tutu TB-sentrum vir Navorsing en Onderrig is deur die bekende Nobelpryswnner en oud-aartsbiskop, Desmond Tutu, geïnspireer.

Tutu is self 'n voormalige TB-lyer en is tans die beskermheer van die Tygerberg Kinderhospitaal.

Raadslede eersdaags bekendgemaak

ZIEGBERT CARSTENS

raadslede nie bekendgemaak moes word nie, terwyl Aspeling gesê het Giliomee "gaan baie kreatief om met die waarheid".

Toe hy gevra is of die geloofwaardigheid van die verkiesing in gedrang gebring is deur hierdie polemiek, het Aspeling geantwoord dat die US "geen kommentaar" oor die polemiek het nie.

Aspeling het verder bygevoeg dat interne ouditeure die proses gemonitor het en die geloofwaardigheid van die verkiesing bo verdenking is.

Die voorsitter van die raad, die US-rektor, die president van die konvokasie en die betrokke kandidate sal eerste ingelig word oor die uitslag van die verkiesing.

Die US het by verdere navraag aangedui dat die verkiesingsproses bemoeilik en vertraag is deurdeut alumni se biografiese inligting op die Stellenbosch Stigting se databasis telkens foutief was.

Die Matie het in ons vorige uitgawe berig dat die verkiesing in omstrede gedompel is toe 'n vraelys oor die US se taalbeleid, wat aan alle oud-studente gestuur is, verkeerdelik aan vorige en huidige raadslede se name gekoppel is. Aspeling en die bekende taalvechter prof Hermann Giliomee was ook in die media in 'n woordstryd betrokke. Giliomee was van mening dat die sekondante van

Die nuutgekose universiteitsraadslede se termyn begin ampelik op 2 April. Die termyn duur vier jaar en verstryk op 2 April 2014.

Die nuwe raadslede sal aansluit by, onder ander, prof Russel Botman, rektor en vise-kanselier, prof Arnold van Zyl, viserekotor: Navorsing, prof Julian Smith, viserekotor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel en prof Magda Fourie, viserekotor: Onderrig.

Gerhard Wiese, Studenteraadvoorsitter, en Keeve de Villiers, Tygerberg-Studenteraadvoorsitter, is ook, as deel van die studenteligaam, deel van die raad.

Lecturers get SAMA nod

NEWS DESK

THREE people from Stellenbosch University (SU) have been nominated for two South African Music Awards (SAMAs).

Mr Luis Magalhães and ms Nina Schumann, both lecturers in the SU music department, have been nominated for their CD *TwoPianists*.

Daniel Rowland and the SU Camerata (made up of SU students) have been nominated for their work on *Seasons of Vivaldi and Piazzolla*.

Both nominations are in the Best Popular Classical Music category consisting of five nominations in total. According to Schumann, who has won numerous awards in the past, including the SABC music prize, they are ecstatic about the nominations as both CDs were released by their company, TwoPianists.

"We only released two CDs last year and both are nominated. We have a 40% chance of winning in the category," Schumann said.

The SAMA ceremonies take place on 16 and 17 April.

Free Levi's® sunglasses

Purchase any Levi's® optical frame and receive a pair of Levi's® sunglasses free of charge.

Promotion valid from 1st April – 31st May 2010
*Terms and conditions apply. While stocks last

LAMBERT FICK GENOTE OOGKUNDIGES
(021) 887-4603

20 Plain Street, Stellenbosch
DYNAMIC VISION

Overall programme successful, Prim Committee and monitors highlight some concerns

Welcoming Programme feedback discussed

ANTHEA HARTZENBERG

The Welcoming Programme Committee recently met to discuss the feedback from the different components of the programme.

Prof Ludolph Botha, chair: Welcoming Programme Committee, met with members of the Student Representative Council (SRC), the Prim Committee and the Remember and Give (RAG) committee, among other representatives.

According to Botha, many inputs and feedback, dealing with the execution of the welcoming programme of 2010, were tabled at the meeting.

"This is the one meeting where just about every facet of the university is represented."

"The feedback comes from [among others] every faculty, the RAG committee, the registrar, the students and the SRC," he said.

Botha said there was "nothing new" in the feedback and that the programme as a whole had been fairly successful.

Time spent on RAG-related activities during the welcoming week was highlighted as a concern, but Botha said that this had been reported in past

years and had also been investigated by the university.

"We've heard from HKs that they would rather prefer to do one of either Vensters or Floats, as it takes up an inordinate amount of time from the first year students in terms of practice and preparation," Botha said.

This year, three different recommendations from the report of the task team were added.

Other recommendations, which

Time spent on RAG-related activities ... was highlighted as a concern

include recommendations regarding activities such as Vensters and Floats, are currently with university management.

"There are no radical recommendations; the focus is more to negotiate with students and faculties to find a compromise in order to align the activities in a more balanced way," Botha said.

The first recommendation that was instituted was a combined meeting with all students, including PSO students, their parents and student leaders held at the Danie Craven Stadium during

the welcoming week.

In the past, this meeting was divided into four sessions that took place at the DF Malan Centre and the Kruiskerk.

An additional meeting was also required with parents and took place at the Kruiskerk.

Botha says that the combined gathering at the stadium, which was attended by about 8 000 people, was very successful and helped save time during an already packed welcoming week.

The second new addition to the programme was the cluster day initiative which was run by the different residence and PSO clusters.

Each cluster organised different activities and sessions to help integrate first year students into life on campus.

The final addition to the programme was PSO meetings with PSO students and parents.

According to Botha, all of the additions will probably be carried on in future welcoming programmes.

The rest of the recommendations from the task team report are currently with the university management.

Botha says that these recommendations, if accepted, will (along with the feedback from this year's programme which is currently being compiled) influence the planning for next year's welcoming programme.

Monitor's report highlights:

IN HIS report, head monitor Kobus Ehlers echoed the overall success of the welcoming programme. Ehlers stressed, however, that better integration between the various components is needed.

The monitor's report also noted that "it would appear that the RAG committee does not uphold the values of the Welcoming Programme" and that the committee is being excluded from the planning of the goals of

the programme.

"As a result, the RAG committee institute rules and regulations without correct consultation and inclusion of the value-driven system of the university," the report said.

The report went on to register a concern with the funds being spent on RAG-related activities in "comparison with the funds raised [by these events] and spent on community activities".

Prim Committee feedback:

FEEDBACK from the Prim Committee noted that some prims found aspects of the Alpha Programme to be unorganised and repetitive.

In the report, Jan Greyling, chair: Prim Committee, says that RAG and residence activities should be integrated more effectively with the Alpha Programme and that this would lead to greater benefit for first year students.

The report stressed that the Alpha Programme should be formulated to be more relevant to students. Another concern is that first year students are repeatedly requesting that expectations and concerns regarding their specific courses be addressed.

The report concluded that the overall feedback from the Prim Committee regarding the programme is positive.

SU hosts convention

ENGELA DUVENAGE

STELLENBOSCH University (SU) recently hosted the African Convention of the Global Sustainable Bioenergy (GSB) project.

The three-day event, which took place between 17 and 19 March, forms part of a series of five conventions held around the world.

The Cape Town leg constitutes phase one of the project aimed at addressing unique issues and challenges faced by different continents.

The GSB project is a global initiative providing clear-cut guidelines, strategies and policies on the feasibility of large-scale sustainable bioenergy production around the world.

Prof Emile van Zyl, lecturer in the department of Microbiology at SU, was one of the organisers of the event.

"[The convention] provided a platform for stakeholders and scientific experts on the continent to actively discuss and plan together around the future of biofuels in an African context," Van Zyl said.

The convention focused on how the bioenergy sector can be used to address the problems hampering the African continent. It sought sustainable solutions to problems such as poverty, food security, health and energy security, among other issues. A Bioenergy Resolution for Africa was

also drawn up at the convention.

The resolution outlined ways in which bioenergy can be used to find solutions to the problems that the continent faces.

The draft resolution notes that global sustainability requires a sustainable Africa.

It goes on to highlight actions needed to ensure that Africa benefits along the full value chain of bioenergy supply and use.

These include, among others, more analysis and consensus on the potential of bioenergy, easier accessible information platforms using contemporary IT and mapping technology and African scalable demonstration projects that make use of the latest technology and local raw materials.


The draft is currently open for comments from the various stakeholders and participants.

After input has been received, the resolution will be ratified by the GSB project. The resolution will then feed into the larger GSB project.

The Bioenergy Resolution for Africa states that the continent has as much geographical potential as any other continent to produce plant biomass.

This biomass far exceeds the requirements for food and basic needs for the African population.

According to the resolution bioenergy is one of the most cost-effective solutions for a global sustainable low carbon energy future.



SUCCESS IS MUTUAL The top first-year students of 2009 were recently honoured at the annual First Year Academy Prestige dinner. The students also recognised lecturers who made a big impact on their success. Here second year student Stephan Burger and dr Andrew Fransman, senior lecturer in the Mathematics department, are seen exchanging certificates on the evening.

Photo: JOHANN SWART

Top first-years honoured at dinner

NEWS DESK

THE TOP-PERFORMING 2009 first-year students were recently honoured at a celebratory dinner.

The annual First Year Academy Prestige dinner was held at the Neethlingshof Estate on Thursday 11 March 2010.

The dinner, coordinated by the First Year Academy, honours the top-performing first-year students from the ten Stellenbosch University (SU) faculties. Thirty-one students received honours at this year's ceremony.

In addition, lecturers who made a contribution to the academic success of these students were also honoured on the evening.

In his opening remarks, prof Russel Botman, vice-chancellor and rector: SU, said that the students being honoured have a responsibility to use their "talents and knowledge to further promote [SU's] academic image and contribute to the development" of South Africa and its people.

"Despite our progress, too many students quit their studies. In the university's aim to be significantly different and significantly better we must become more accessible and at the same time improve the success rate of our students," Botman added.

According to prof Magda Fourie, vice-rector: Teaching, success at tertiary level is important for the future economic and social success

of the country.

"[The First Year Academy Prestige dinner] is about first year students and their lecturers who succeeded, who fought against failure and disappointment through hard work and dedication and who are busy making the promise of higher education a reality," Fourie said.

Fourie also honoured lecturers who received multiple nominations and noted that it is clear that the "top lecturers at SU are being honoured by both students and fellow lecturers and are being recognised" for their excellence in teaching.

"Excellent teachers have the ability to open up academic work and difficult concepts to students," Fourie added.

Min kaartjies vir UK

ZIEGBERT CARSTENS

DIE OORGROTE meerderheid kaartjies vir die Varsity Cup-rugbyfinaal tussen Maties en Ikeys is aan studente van die Universiteit Stellenbosch (US) toegeken.

15 000 kaartjies is aan die US gegee, teenoor slegs 2 000 kaartjies vir studente van die Universiteit van Kaapstad (UK).

Volgens mn Mohamed Shaikh, senior direkteur: Kommunikasie en Skakeling, lê die rede vir hierdie besluit by die feit "dat Maties hulself oor en oor bewys het as lojale ondersteuners en dus verdien om die grootste aantal kaartjies te ontvang".

Sommige UK-studente het oor die naweek hul misnoëe oor hierdie besluit

aan die media bekendgemaak.


Shaikh het gemeld dat Ikeys ondersteuners se lae bywoningsyf by wedstryde ook 'n invloed op die besluit gehad het.

"Die Universiteit van Kaapstad [het], volgens betroubare inligting tot die Matie-Rugbyklub se beskikking, vanjaar 'n veel laer bywoningsyfer gehad," het Shaikh aan *Die Matie* gesê.

As 'n reël organiseer die tuisspan van 'n Varsity Cup-wedstryd self die wedstryd.

Die tuisspan besluit gevolglik oor hoeveel kaartjies om aan die ander span toe te ken.

Die 15 000 kaartjies wat aan US-studente beskikbaar gemaak is, reeds 'n paar dae voor die finaal uitverkoop.



SPLASHING AWAY Once every two weeks, UNASA organises swimming lessons for children from the Kaya-mandi Legacy Centre. This links with a project where students teach the kids to read.

Photo: SUPPLIED

US-studenteleiers moet brûe bou

UIT DIE KANTOOR

Dr Leslie van Roon

DIT IS opvallend dat ons leiers en studente oor die algemeen – veral in ons koshuise – nog by uitsondering spesifiek ingestel is op die leef-wêreld van die spesifieke gemeenskap waarbinne hulle hulself bevind.

In wese is daar nie iets verkeerd daarmee nie. Ons studenteleiers word immers gekies as verteenwoordigers van 'n spesifieke gemeenskap. Die vraag is egter hoe ons leiers hierdie rol verstaan en hoe hulle die spesifieke gemeenskap wat hulle verteenwoordig informeer, ondersteun en inderdaad ook help voorberei vir die wêreld buite die ruimte van die betrokke gemeenskap.

Vir die Universiteit Stellenbosch

DEUR
ZANIE MAREE EN
ANDRÉ OLIVIER

WAT SÊ JY?

IS DIE KONSTRUKSIEWERK IN DIE JS GERICKE-BIBLIOTEEK STEUREND?

SOLIGH GARDIEN
(First year)
BSc Human Life
Science



"It bothers me, especially in the open area and at the study cubicles."

CLAUDIA GOUWS
(Tweedejaar)
BRek



"I didn't even know there were renovations being done in the library."

HENK NIEUWOUTD
(Tweedejaar)
BRek

LUKE OKABA
(PhD)
Political Science

Foto Studio Lockley

SINCE 1873

SOEK U 'N FOTOGRAAF?
KYK DAN NIE VERDER NIE

- Koshuis foto's
- Ook digitale foto's en op CD gebrand
- Grade Foto's
- Portrette
- Paspoort en & ID foto's terwyl u wag.

Pleinstraat 21, Stellenbosch
Tel. 021 883 3131 - Faks 021 886 6378
Skulins oorkant Hoofposkantoor en Langs Europa Koffieeshop.

COR LANGENBERG

Eight tonnes of garbage recycled

Recycling project links community

JOS DIRKX

A recycling project between Horizon House, a home for mentally challenged adults, and the majority of Stellenbosch University (SU) residences has encouraged the recycling of over eight tonnes of garbage.

The project is encouraging the Stellenbosch community to focus on recycling by organizing SU campus residences to collect waste, which is sent to Horizon House where it is recycled by the residents.

The project kicked off on campus during the first week of February this year.

The project was initiated by Student Representative Council's (SRC) Matthew Haden, whose serves as the project coordinator and director. Piek Grobbelaar is the project manager. The initiative is sponsored by Steinhoff International while Wasteplan contributes by picking up the recyclables. Haden stresses that the project is important as the benefits of recycling are not realized in South Africa. "We are on the verge of a global crisis," Haden emphasises.

Horizon House, where inhabitants

have been recycling their waste for seven years, contributes to the project as the residents sort through the various received recyclables, preparing them for pick-up by Wasteplan.

According to both Elza Bresler, the head of Horizon House, and Haden, the project not only encourages recycling, but also encourages those at Horizon House to contribute to the Stellenbosch community.

Furthermore, the SU residences are stimulated to be involved by competing against one another in an effort to determine which residence has been collecting the most waste designated for recycling purposes.

Bresler emphasises that the individuals at Horizon House who are sorting the recyclables are physically very capable of the work, which takes place in a relaxing and comfortable environment.

The project specifically contributes to a working relationship between the Stellenbosch community and the municipality, various social circles, churches, the students involved and the individuals at the Horizon House.

Haden considers the project to be about sustainability and he envisions it as "becoming the norm in SU residences and on campus".

CHRIS LE ROUX MOTORS

GIVE YOUR CAR THE STAR SERVICE IT DESERVES!!

Probleme met u motor kar? Geen probleem vir ons om dit te herstel teen 'n baie billike prys. Ons doen alle meganiese werk op alle tipe motors. Geen fout te klein of te groot vir ons nie. Ons spesialiseer ook in BMW motors.

Problems with your motor vehicle? No problem for us to fix it at a very reasonable price. We do all mechanical work on any type of motor vehicle. No fault too big or too small for us. We also specialize in BMW motor vehicles.

CONTACT DETAILS:

Tel: 021 883 3724

Fax: 021 887 9114




Cell: 072 530 6816

chris@chrislerouxmotors.co.za

234 BIRDSTRAAT STELLENBOSCH

REMEMBER!! If you do not speak to one of us, Thomas, Chris, Sibbald or Chrismari, then you are not speaking to CHRIS LE ROUX MOTORS!





'N NUWE GESIG Huidige konstruksie in die JS Gericke-Biblioteek gaan in die Leersentrum ontaard, wat beoog om studente as elektroniese navorsingsentrum by te staan. Die Leersentrum gaan uit verskillende dele bestaan, soos onder meer die rekenaararea (links bo), sitplekarea (links onder), tegniese dienssentrum (regs bo en onder) en gesprekslokale (regs middel). Daar word beoog om die konstruksie teen Oktober 2010 te voltooi.

Grafika: VISSER KAPPERER DE BRUIN ARGITEKTE

Geen geraasklagtes sover ontvang ten spyte van konstruksie in biblioteek tydens studietye

Biblioteek ontwikkel tans nuwe Leersentrum

ELNARI POTGIETER

Die JS Gericke-Biblioteek is tans onder konstruksie as deel van die Universiteit Stellenbosch (US) se *Fast Forward>>* projekte, in verwantskap met die Oorhoofse Strategie Plan (OSP).

'n Leersentrum word beoog waar studente in 'n gemaklike area kan studeer, reflekteer, groepbesprekings kan hou en navorsing kan doen. Die Leersentrum is deur Visser Kapperer de Bruin-Argekte ontwerp.

Volgens prof Russel Botman, visekanselier en rektor van die US, is die OSP-projekte in ooreenstemming met die breër universiteitsgemeenskap geloods ten einde teen 2015 sekere doelwitte te bereik wat die universiteite sal laat groei as uitstaande akademiese instellings te midde van 'n voortdurende veranderende internationale milieue.

Die doelwitte wil onder meer die tyd wat dit die gemiddelde voorgraadse student neem om hul graad te

voltooi halver, sowel as om die sukseskoers vir studente van 82% na 84% te verbeter en om die hoeveelheid studente wat die US sonder 'n kwalifikasie verlaat met 30% te verminder. Om hierdie doelwitte te bereik, moet studente se informasieletterheid opgeknap word.

Dit is waar die JS Gericke-Biblioteek se elektroniese navorsingsentrum en opleidingsfasilitete met werkspasie, internettoegang, gesprekskamers en multi-media-fasilitete 'n rol gaan speel, sê me Elbie van Wyk, koördineerder: Leersentrum.

Informasievaardighede word belangriker vir studente, meen Van Wyk. "Hierdie Leersentrum gaan soos 'n big brother wees wat studente help en verseker dat alle studente dieselfde geleenthede geniet," brei Van Wyk uit.

Die doel is om studente 'n verwelkomende en stimulerende omgewing te bied waar kennisgenerering ondersteun word, sowel as om studente se informasieprosesering en navorsingsuitsette te verbeter. Die beeld wat

geskep gaan word, dra by tot die idee van 'n soomlose biblioteek wat wêreldwyd toeganklik is: 'n tipe virtuele biblioteek.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie Leersentrum nie 'n

Die doel is om studente 'n verwelkomende en stimulerende omgewing te bied waar kennisgenerering ondersteun word

Rekenaargebruikersarea (RGA) gaan wees nie, maar 'n area vir die ondersteuning en bemagtiging van die student, beklemtoon Van Wyk.

Dié projek word in twee fases beplan.

Fase een, wat tans onder konstruksie is, maak op die laer vlak van die biblioteek voorseening vir tegniese personeel wat verskuif gaan word van die boonstevlak na 'n Tegniese Sentrum met die nuutste tegnologie en

'n moderne voorkoms.

(veral hier), leierskapsontwikkeling is belangrik, forums, gesprekke, verteenwoordiging en vele ander dinge is regtig belangrik. HK's is belangrik, MGD is belangrik, studentparlement is belangrik, leef-en-leer, mentors, MIV/Vigs, drankmonitors: Noem maar op! Die probleem is egter dat ons te veel, te gereeld en te aanhouwend op niksegende maniere oor aktuele dinge praat. Ons gebruik die regte woorde in 'n rytree en sê steeds maar min daar mee.

Terug by prof Smit se When Bubbles Burst. Probeer ek dalk sê dat die artikel aktueel dog niksegend is? Allerminds! Sy basiese uiteensetting van die faktore wat ter sprake was in die onlangse ekonomiese krisis is informatief en waarskynlik akkuraat. (Ek sê waarskynlik, want hoe die duivel sal ek nou weet of dit akkuraat is of nie). Die artikel het my egter verder genoeg rede gegee om weer my stokperdjie-kategorie te bepeins en te wonder hoe skadelik dinge is wat in die kategorie hoort. Verder moes ek erken dat die foeter-voort-ingesteldheid ons waarskynlik nie ver gaan bring nie, en dat die kategorisering van goeters (waaraan ek skuldig is) nie juis besonder baie vrugte afwerp nie.

In die artikel vertel hy dat Koningin Elizabeth op 'n besoek aan die London School of Economics by Britse akademici wou weet waarom niemand dan die ekonomiese krisis wat oppad was kon voorsien nie. Die Britte, self dalk nog 'n bietjie

uit die veld geslaan, het geantwoord dat almal juis besig was om, volgens die standaard maatsawwe vir sukses, hulleself uitstekend van hul taak te kwyt. Elkeen het so wraggies sy of haar eie takie besonder puik verrig.

Dan skryf Smit die skrikwakkende: "It was principally a failure of the collective imagination of many bright people..."

Die woorde spreek eintlik vanself. En ek vermoed dit sê maar net dat selfs al doen almal van ons 'n vrek goeie job, ons steeds kan besig wees met 'n irrelevant job. Ek hoop van harte nie dat alle bright people gedoe is tot mislukte kollektiewe verbeelding nie.

Die veelseggende bestaan tog ook.

- Van Tonder is 'n sesdejaar-Teologiese student en woon in die Leef-en-Leerhuis vir Leierskap. Sy is ook Studenteparlement se speaker.

Die menings in hierdie rubriek is nie noodwendig dié van die koerant, die redakteur of enige lid van die redaksie nie. | The opinions expressed in this column are not necessarily those of this newspaper, its editor, or any member of its staff.

redaksioneel

Rugby was nog altyd iets wat (veral by 'n tradisionele Afrikaanse universiteit) mense bymekaar bring het en trots geskep het – in ons geval MatieTrots. In die tyd waarin ons vandag leef is daar egter soveel ander, meer praktiese dinge wat MatieTrots kan kweek.

'n Mens kan nogal wonder of die see maroenhempies wat so trots is om 'n Matie te wees en hul span te ondersteun, trots is op hul kampus? Nie net op die feit dat ons kampus in die mooie Boland geleë is nie, maar ook op die kampusinfrastruktuur.

Dit is (ongelukkig) nie moeilik om fout te vind met infrastruktuur op kampus nie. Dit spyt my elke keer wat ek op kampus loop of in 'n klas instap en fout sien. Ek voel dan iewat minder trots om 'n Matie te wees. Ek is nie eers seker van 'n sitplek in

my klas nie, want die stoele is so gebreek dat daar nie genoeg sitplek vir al die studente is nie.

Ek geniet my modules soveel meer as ek in 'n "werkende" klas kan sit, met rekenaars, mikrofone en lugrelings wat werk en natuurlik stoele wat nie onder 'n mens padgee nie. Ek sien deesdae al hoe meer van hierdie soort stoele. Ek wonder nogal of dit 'n nuwe manier is om studente te ontmoedig om klas by te woon.

Ek sien nogal uit na die "nuwe" multifunksionele biblioteek en amfiteater. Die planne en grafiese voorstellinge wat ek van die beoogde veranderinge gesien het, maak my opgewonde om 'n Matie te wees wat nie kan wag om met trots in die biblioteek te gaan werk nie. Dit maak al daardie opleeswerk soveel meer die moeite wert.

MatieTrots meer as net rugby

As iemand wat in 'n omgewingsvriendelike huis grootgeword het, sal 'n groen kampus my natuurlik ook trots maak om 'n Matie te wees. Ek was beïndruk met Saterdag se Earth Hour-geleentheid toe die Rooiplein se ligte afgeskakel is; dit het nie verlede jaar gebeur nie. Dit wys my dat ons tog in 'n mate in die regte rigting beweeg. Ek was groen-MatieTrots.

Natuurlik moet daar onthou word dat elke Matie se trots anders saamgestel word, maar dat dit nooit uit net een aspek bestaan nie. En dat dit verseker nie net uit sport of kulturele aspekte opgebou kan word nie.

MatieTrots moet tog ook akademies van aard wees, 'n trots om elke dag klas toe te gaan.

Dink net hoe fantasies dit kan wees as ons op alle vlakke MatieTrots kan kweek.

BRIEWE LETTERS



Barking Back

In response to Mr Bester's letter of 10 March 2010 regarding the paper wasted by students at Stellenbosch, I have the following retort.

Upon further research, I stumbled upon the university's own Sustainable IT blog (<http://blogs.sun.ac.za/sustainableIT>) where this issue has been raised in the past. Of particular interest is a report on the "printing footprint" of the university. I would advise you and others to have a look at the startling findings that were made.

I admit that I may have committed a misinformed fallacy in saying that the trees used for making paper are a threatened commodity (which you kindly pointed out to be incorrect). Nevertheless, the issue at hand is one of overconsumption – and a dangerous impression your letter created, Mr Bester, is that there are no serious consequences of the careless overconsumption of paper.

The issue is best summarised in the following paragraph, which I quote from the Sustainable IT blog:

"In a country such as water-stressed South Africa where biodiverse, indigenous vegetation is under threat, the prospect of more paper plantations and bigger and more paper mills is a concern. And as one of the more carbon-intensive economies on the planet, our contribution to climate change should be of even more concern. Less printing is good."

You mentioned that you are currently studying Development and Environment. From your writing it doesn't seem as if you've grasped the concepts of responsibility and sustainability. Maybe you should consider also enrolling for a course in Ethics.

– MR WOODSTOCK

Hum-argh!-a

I am increasingly aggravated by the university's (mis)management of Computer User Areas (CUAs, or RGAs in Afrikaans). As I'm a BA student, I'm referring specifically to Humarga and a few of the problems that have really started to irk me over the past few months.

What is supposed to be an accessible working area for students, is nothing like that at all. The greatest problem I encounter is the actual availability of computers during the day. It seems that there are daily tests or practical classes taking place in Humarga, which take up a vast number of (if not all) computers. This leaves students with a seriously limited quantity of computers to use, and inevitably not everyone can do their work. This creates backlogs in both my, and other students', work.

Secondly, in the evening, when there are ample computers available and it's possible to work without interruption, provision is made to make it an utterly uncomfortable experience. Of particular note is the air conditioning which is switched off. Considering the heat we've experienced recently, it has been excruciating to work at these times. Apparently the A/C is shut down nightly to save costs, but I fear that the university will potentially suffer an even greater economic due to computers burning out from the heat as well.

KLAGTEPROSEDURE EN FOUTRAPPORTERING

Indien enige leser 'n klage het dat *Die Matie* nie op 'n ewewiglike, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of dink dat menings uitgespreek in *Die Matie* nie godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag by die SR-lid vir Media gevind word. *Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragsskode wat by die SR-lid vir Media beskikbaar is. Alle klages word deur 'n regsdoson ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn. Klages moet ingevolge die Mediareglement binne tien werksdae na publikasie aanhangig gemaak word.

I would like to state that I am deeply grateful for the high standard of equipment available at this university. My only worry is that it is usually inaccessible, and when it is, it is entirely uncomfortable. As a student relying solely on CUA's for all electronic work, these matters are particularly bothersome. It would be really great if these bottlenecks could be examined and addressed – a solution would naturally only increase students' productivity.

– J MOSELY

Skryf slimmer

As 'n getroue leser van *Die Matie*, is ek oor die algemeen beïndruk met die kwaliteit van die koerant. Ek moet egter twee van die rubriek wat sporadies geplaas word in twyfel trek. In die rubriek Halfprys, in *Die Matie* van 10 Maart, het die skrywer haar ganse rubriek daarvan gewy om aan die einde tot die gevolgtrekking te kom "Homo Sapien: pure piesang". Die piesang as metafoor vir die mens. Ek moet toegegee, dit is kreatief, maar absolut trivial. Is daar werlik nie meer relevante kwessies op kampus nie?

Die rubriek Manewales laat my egter sprake-loos. Dit laat my gewoonlik blosend en ongemaklik met sinne soos: "'n Man in 'n voorskoot wat besig is om skottelgoed te was, doen dinge aan my. Ek voel meteen soos 'n soufflé. 'Was gou klaar: ek het nagereg gebring,' fluister ek in sy oor. Elke wolf kry sy dag." Ander lui: "Liefie, waar is jou power tools?"


Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek is nie gekant teen seksuele innuendo's of interessante metafore nie. As jy kies om dit te doen, doen dit slim. Die ander rubriek, Earl de Toilette en Carbon Copy, kry dit suksesvol reg. As dit die vlak van skryfwerk van die rubriekskrywers by *Die Matie* is, maak dit my bekommerd.

'n Rubriek gee 'n mens die vryheid om sonder (veel) perke opinies oor verskillende kwessies te kan gee. As jy kies om hierdie vryheid aan piesangs en seksueel gefrustreerde paartjies te spandeer, moet ek jou oordeel (of tekort daarvan) betwyfel. Gee ons vir 'n slag iets om oor te tob.

– GEFRUSTREERDE LESER

Brieve mag nie langer as 400 woorde wees nie en moet teen die Vrydag voor elke uitgawe aan brieve@diematie.sun.ac.za gestuur word. Skrywers se regte name moet alle brieve vergesel, selfs dié wat onder skuilname geplaas word. Geen handgeskreve brieve sal geplaas word nie.

Letters should not be longer than 400 words and must be sent to brieve@diematie.sun.ac.za by the Friday before the next edition. Writers' real names must accompany all letters, even those published under a pseudonym. No hand-written letters will be published.



ONDER BLINK, BO STINK Ambisieuse planne om die JS Gericke-biblioteek op te knap vorm 'n skerp kontras met die toestand van ander kampusgeriewe.

HOOFREDAKSIE

HOOFREDAKTEUR Annelize Kloppers (redakteur@diematie.sun.ac.za)
ADJUNKREDAKTEURS Marietjie Vos (inhoud@diematie.sun.ac.za), Roann Louw (grafika@diematie.sun.ac.za), Marietha Brits (bedryf@diematie.sun.ac.za) **NUUS** Anthea Hartzenberg (nuus@diematie.sun.ac.za)
AKTUEEL Anika Marais (aktueel@diematie.sun.ac.za) **DAG EN NAG** Robert Kaden (dn@diematie.sun.ac.za)
STUDENTELEWE Joey Volschenk (sl@diematie.sun.ac.za) **SPORT** Mia Smits (sport@diematie.sun.ac.za)
TEKS Vakant (teks@diematie.sun.ac.za) **FOTO** Johann Swart (foto@diematie.sun.ac.za)
ADVERTENSIES Vakant (ads@diematie.sun.ac.za) **REKENAAR** Simon de la Rouviere (it@diematie.sun.ac.za)

MEDEWERKERS

KWYTRAAK Deonette Theart (kwytraak@diematie.sun.ac.za) **EARL DE TOILETTE** Philip de Beer (earl@diematie.sun.ac.za) **MANEWALES** Amori Stols (manewales@diematie.sun.ac.za) **SPOTPENT** Vakant (spotpent@diematie.sun.ac.za) **ADDISIONELE GRAFIKA** www.sxc.hu **TEKS** Lizi Morden en Madelé du Plessis

STEL JY BELANG?

As jy as joernalis, taalversorger, grafiese ontwerper, advertensiewerwer, fotograaf of rekenaarassistent betrokke wil raak woon gerus 'n redaksievergadering by op die Woensdag waarop *Die Matie* verskyn. Ons vergader om 18:30 in ons kantoor op die eerste vloer van die Neelsie.

TEL 021 808 3539 **FAKS** 021 808 3538 **E-POS** diematie@diematie.sun.ac.za
POSADRES Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit Stellenbosch, Matieland, 7602
WEBADRES www.sun.ac.za/diematie **OPLAAG** 8 000
VOLGENDE UITGAWE 7 April 2010 **SPERDATUM** 14 April 2010
ADVERTENSIES 084 858 9902

Die Matie subscribes to the South African Press Code that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the code, please contact the Press Ombudsman at 011 788 4837. You may also lodge an internal complaint or report factual errors by contacting the SRC member for Media and following the procedure explained on the left.

Press Council

Perspektiewe & dinge

Booze, Hubris and Bad Instincts: A Bad Trip...

EARL DE TOILETTE |

There is a strange air about Campus these days. A beast is hiding in the shadows, a monster creeping around, invisible and omnipresent. That beast is hubris, and it is seeping into the very fabric of our beings.

The Earl had not seen it before, was not aware of its subtle powers, but is now. The day was still fresh, the morning air hanging crystalline in the sky as the Earl awoke, looked at the watch and grimaced. It glared 13:00, far too early even to be alive. Cursing, I arose, and very suddenly sat straight back down again, bracing myself for the moment when my head would explode.

Unfortunately, it did not. Instead, hazy memories began to sear the brain and flashes of stupidity stung the senses. The Earl tried to speak, but only cotton-mouthed monosyllables emerged. The rest of the day was absolutely atrocious. Trying to forget the fact that my head was trying its best to divorce itself from my skull, I stumbled to the Neelsie – undoubtedly the best place to find grease being passed off as food. Perfect. Then the horror hit: children. Eyes wide, fear gripped the Earl – had the invasion begun? Had they already taken over? No-one seemed to notice them crawling about, their little groups (almost certainly sleeper cells, and without a doubt planning the next act of vile terrorism), nor their terrible, spine-chilling giggles.

It seemed that they had somehow gained access to the Neelsie, and were even playing

fooseball. Dear God, why had no-one noticed?! All is lost now: they have integrated themselves into society, and soon they will begin their dark take-over... I had to find a gun, fast. Thankfully, a short and paranoid while later (with no recorded fatalities), the 'shrooms began to wear off, and the teeming mass of infuriatingly irritating brats' teeth began to seem less razor sharp...

However, the hangover lasted all day, and no amount of uppers, downers, sleepers or aspirin was going to help this poor soul out of his stupor. The cause? Hubris my friends, hubris. It had started innocently enough: lunch with a friend (ok, fine, you got me: dealer – although he does insist I call him my consulting chemical engineer), dinner plans after...

It was with no intent to shatter the plans of a dinner date that evening that the Earl had set out to lunch that day, and in retrospect (God's favourite comedic genre) it shouldn't have been hard to see, but nevertheless two counts of fundamental attribution error, three counts of self-justification, two counts of grand stupidity and one count of drunk driving later, a personal journey of epic proportions had ensued, and the Earl's eyes had opened to the dangerous and flattering infectiousness of hubris, and now he sees it everywhere. Sometimes it pays to screw up good and proper.

It seems that the authorities that govern this institution of learning that we all find ourselves in have been behaving particularly well of late, and there is not much for the Earl to rant about this week. That may very well be, but those fine men of state who run this great country we live in have been pretty busy boys...

It seems that the Earl has not been the only one doing a little driving – DUI-style – in the

last while. ANC spin doctor and professional apologist Jackson Mthembu pleaded guilty to drunk driving charges just weeks after hip-hop star Molemo Maarohanye, aka Jub Jub, was charged with murder (among other things) while driving recklessly under the influence. It seems that DUI is all the rage these days. Must be after Mandoza's little "incident" in 2008, not to mention Bafana Bafana star Doctor Khumalo's drunk driving charges that still need to be settled. Don't the state's public prosecutors know that celebrities are untouchable? But kudos to good old Jackson, who not only pleaded guilty but also "publicly apologised to his family, Pres. Zuma's family, to the ANC and to 'all South Africans' [insert derisive comment: in that order] for failing to meet their expectations".

Almost brings a tear to my eye, the way our "expectations" were damaged, but luckily he got off and is now back in office. In other news, Julius Malema's business and political ties have helped him evade a lifestyle and income audit by SARS – must be because he has paid such generous taxes to the boys down at SARS over the years, so the Earl would just like to thank Pravin Gordhan for being such a sport and keeping such a concerned and genuine politician (don't let the Benz fool you!) on the streets. In fact, I would just like to thank all of the pilfering, drunk-driving, money-grabbing, nepotistic jackals that roam our country's public sphere dearly, and from the bottom of my heart – without your hair-brained idiocy the Earl would a) not have had the opportunity to get hold of and try as many drugs as your incompetence has allowed, and b) never have finished any columns on time. Love you guys...

Selah.

kampusquotes

War is very good for technology. America's always known this.

– Lecturer on progress in the 1940s

Dis nogal ironies dat die Helpende Hand-organisasie teen die nuwe pornografiese kanal op DSTV is!

– In 'n versteekte hoekie van die Lettere-gebou gehoor

Yes, dis pouse!

– Senior manstudent terwyl hy by die Wiskundegebou uitstap en 'n hap van sy toebroodjie vat

– Ons het te veel gay vriende. Ons kort meer straight vriende. Wat het van al ons straight vriende geword?

– Hulle het almal uit die kas geklim...

– Twee gay ouens bespreek die stand van hul vriendekring op die rooiplein

Nou weet ons ten minste wie in die konsentrasiekampte gecater het.

– Studente ná koshuismiddagte

Ons handhaaf 'n beleid van segregasie, maar ná die vakansie lyk dit meer soos separate development.

– Huismaats oor die verdeling en toestand van die kos in hul yskas

As jy nie bereid is om 'n halfuur per dag aan Ou Testament 322 te spandeer nie, moet jy eerder gaan knip-en-plak swot.

– Teologiedosent aan derdejaarklas

Maar dis cool, ek oefen vir om eendag uitgebrand te wees.

– Derdejaarteologi student oor die opwindende loopbaan wat vir hom voorlê en hoe sy uitputtende kursus hom daarop voorberei

Stuur jou KampusQuotes na quotes@diematie.sun.ac.za

N'Post

Quote van die week

Nee, jy is definitief mooi, maar met make-up aan.

– Manstudent aan vrouestudent in 'n oomblik van eerlikheid op die rooiplein

www.nubar.co.za

Die pad na 'n man se hart is blybaar deur sy ma

MANEWALES |

O ja, voor ek vergeet, my ma kom kuier die naweek. Sy is hier vir die een of ander VLV-vergadering."

Ek het so gehoop vir 'n rustige, stil naweek waar ek kan doen wat ek wil, maar helaas gaan dit nie die geval wees met Tannie Sarie hier nie. Sy is nog een van daai goeie boeretannies wat haar hele lewe lank al op 'n plaas in die Boland bly. Haar hande staan vir nikks verkeerd nie en sy sal heel moontlik kaalvoet oor die Drakensberge kan loop. Sy staan elke dag vyfuur op om vir haar man vars brood te bak. Sy is die toonbeeld van 'n tuisteskepper, maar moenie die fout maak om te dink dat sy oorgewig en uitgeleef is nie. O nee, sy draf ook elke dag en lyk of sy nog 35 is. Ek dink hulle kan moontlik van haar 'n action figure maak: sy sal mense met perfekte koeke en brood dood kan goo.

"O..."

"Ek het vir haar gesê dat sy sommer hier by jou kan bly. My koshuiskamer is 'n bietjie klein."

"Ek sien," is die enigste woorde wat ek kon uitkry. Moet my nie verkeerd verstaan nie; ek

hou van sy ma, maar soms raak sy 'n bietjie te veel. Ek kan nie anders as om die indruk te ky dat sy my in haar weergawe van 'n vrouprobeer omskep nie. Toe ons die eerste keer by sy ouers gaan kuier het, moes ek saam met sy ma 10kg se perskes inlê. My vingers was rou van die skil. Ek eet van daai dag af nie meer perskes nie. Om deeg te knie is ook nie 'n grap nie, veral nie as jy nie eintlik brood eet nie.

Dit frustreer my net eindeloos as hy my altyd met sy ma vergelyk, soos wanneer ek kos maak. Dan laat weet hy my dat sy ma dit vinniger en beter kan doen. Die kuns is om nie hieraan gehoor te gee nie, maar eerder te besef dat sekere mans net langer vat om oor hul Oedipuskompleks te kom.

Sy ma is die eerste vrou in sy lewe op wie hy verlief was en wat hy vertrou het. Ek dink dis dalk meer kommerwekkend as hulle nie met hul ma's oor die weg kom nie. Party mense sê die manier hoe 'n man sy ma hanteer bepaal hoe hulle alle ander vroue gaan hanteer.

Die realiteit wat alle vroue net moet aanvaar is dat alle mans in 'n meerderheid van mindere mate 'n mamma's boy is. Daar is tekens wat aandui hoe erg hulle dit het. As hy elke dag sy ma bel en sy wasgoed elke naweek huis toe stuur, gaan jy hom stelselmatig moet afspeen.

Dis soos om 'n klein kalfie te leer om nie meer tietie te suig nie, maar op sy eie gras te eet. Dit gebeur nie oornag nie, maar sodra hulle die

kompleksiteit van 'n wasmasjien verstaan, is jy halfpad daar.

"Ek honger myself al die afgelope drie dae uit vir my ma se kos." Ek moet erken dat my ou 'n grootskaalse mamma's boy is. Sy was nie net sy klere nie; sy stryk dit en vou dit ook só op dat dit nie kreukel nie. Sy maak ook elke maand sowat 20 gevriesde etes vir wanneer die koshuiskos te slek word. Om hom af te speen is nie 'n grap nie. Ek het hom al wel so ver gekry om vir homself 'n paar basiese pastageregte te maak en hy tel al sy klere van die vloer af op.

"Wel, ten minste gaan ek nie die naweek kosmaak nie. Hei, wat doen jy?"

"Ek is jammer, ek het net vir 'n oomblik gedagdroom oor my ma se skaapboud wat in my mond wegsmelt. Ek gaan haar nou bel en vra of sy skaapboud kan saambring."

"Dis 'n goeie idee, ek wil sommer ook 'n paar resepse by haar kry."

"Jy is ook die enigste persoon wat haar so ver kan kry om haar resepse te deel," kondig hy aan. Wel, die pad na 'n man se hart is nie verniet deur sy ma en dan deur sy maag nie.

"Wag, voor jy bel, ek het vandag ietsie by 'n sale gekry. Hoe lyk dit vir jou?"

"Wel, dis beslis..." Sy ma se skaapboud is nou nie meer die enigste ding waaroer hy gaan dagdroom nie.

"Ek is bly jy hou daarvan." Daar is net sekere dinge wat 'n ma nié kan doen nie.

Die skinder agter die nuus. Die waarheid agter kampus-politiek. Die kommentaar waarvoor almal bang is. Gorrel is nie verantwoordelik vir enige ongerief veroorsaak nie.

SING ALMAL AL TESAMA?

GORREL wil graag in hierdie uitgawe 'n woord van gelukwensing aan die Universiteit Stellenbosch se drie SAMA-genomineerders rig, en hier is dit: Geluk!

Gorrel wil met betrekking tot hierdie heuglike omstandigheid weet waarom Endler-konsertkaartjies nie so maklik en vinnig soos hierdie week se Varsity Cup-finaalkaartjies uitverkoop nie.

– Gorrel se maatjies het 'n wenresep bedink. Missien moet Nina Schumann in halfsyd van die volgende wedstryd die klawers tokkel (in plaas van Kurt Darren wat die seile span) om rugby-liefhebbers te vermaak.

GORRELKOP

VERLIEF, VERLOOF ... HANDE VASHOU!

GORREL vermoed daar is iets duiwels in die drinkwater.

Gorrel wil, sonder om enige name van prominente kampusfigure te noem, Gorrel se kommer oor 'n hedendaagse tendens uitspreek. Nee, nie hedendaags nie; antiek!

Want wát besiel só baie bloedjong studente – d.w.s. mense met ten minste 'n bietjie tersiere opleiding – om in die fleur van hul jeug Beyoncé se raad te volg en 'n ring aan te skaf?

– Gorrel voel dit is Gorrel se plig om alle studente daarvan bewus te maak dat dit heeltemal in orde is om in voorhuwelike handvashouery betrokke te wees.

The New
Esquire
bar lounge

LANZERAC HOTEL


—1692—

Friday Night Extravaganza:

Join us at the new Esquire Bar and Lounge for live music every Friday night. Complimentary drink on arrival and free snacks served between 3pm and 9pm. No cover charge and secure off-street parking.

*Bring your student card and get
30% discount
on all drinks, 7 days a week!*

For further inquiries call: 021 8871132 (Trix le Roux)



Kendo success for SU

KATE HENRY

STELLENBOSCH Kendoka was among the fighters who descended upon the Japanese School Hall in Emmarentia seeking the ultimate prize, the National Kendo Championship title.

The South African Kendo Federation's (SAKF) Open Championships was held on the last day of a two-day intensive seminar led by sensei's Buster Sefor (6th dan) and Tony Hughes (5th dan). The seminar was officially opened by Consul Hiroshi Jingu of the Embassy of Japan, who handed over 20 sets of bogu (armour) to the SAKF to help develop the sport of Kendo in South Africa.

A day of intensive training helped prepare the kendoka from across the country for the stiff competition they would face in the Open Championships. The largest national tournament of the year, male and female kendoka gave everything they had, but only the strongest made it through to the knockout rounds. There

are only a handful of legal strike points, namely the men (head), kote (wrist), do (side) and tsuki (throat). To score in kendo, one must attack the target area with ki-ken-tai-itchi, combining sword, body and spirit and true zanshin (awareness). The first competitor to score two points in the allotted time-frame wins.

Of the Stellenbosch Kendo Club (SKC) contingent that took part in the annual seminar, only Carle Joubert from Stellenbosch University and Janto Dreijer competed in the Open Competition. Both Dreijer and Joubert made it through the preliminary pool rounds, but were defeated in the knock-out rounds. SKC's Joubert, however, was not done as she went on to compete in the ladies championship.

The finals came down to the two national team members, Joubert and Joret Olivier of San Kawa Kendo Dojo. Olivier won the match to gain the title of ladies national champion. Both Olivier and Joubert will be traveling to Hungary in April alongside the mens' team for the European Kendo Federation's Championships.

Student in nasionale span

MIA SMIT

'N JONG gholfspeler het onlangs die gholf-wêreld en veral Matieland baie trots gemaak. Karl Ochse, 'n eerstejaar BA Sportwetenskapstudent, is in Februarie vir die Suid-Afrikaanse o/19-gholfspan gekies. Hy het twee weke gelede saam met die res van sy span in Houghton, Johannesburg teen Skotland gespeel. Ochse het al sy wedstryde gewen.

Dit is verbasend om te hoor dat dié jong speler met 'n voorree van 0, sê hy het nie juis sterkpunte in sy manier van speel nie. Hy "speel maar net". Hy probeer om homself nie rërig oor goed

te bekommer nie en dinge so basies moontlik te hou.

Ochse sê: "Dit is baie belangrik om gedissiplineerd en gefokus te bly.

"Jy kan die dissipline wat jy leer in alle ander aspekte van jou lewe toepas".

Ochse se pa het hom al toe hy drie jaar oud was gholfbaan toe geneem en op elf het hy vas begin speel. Ochse is van mening dat daar baie goeie werkgeleenthede as professionele gholf-speler is. "SA gholf is briljant. Dit is net baie belankrik dat jy nie te vroeg pro draai nie". Ochse is ook deel van die Bolandspan. Hul volgende wedstryd is die IPT Geslotte op 10 April.



INTO THE BLUE The 2010 Underwater hockey Nationals recently took place at Strand.

Photo: SUPPLIED

Underwater hockey moving forward

LIZ LOUW

IN THE final weekend of the recess, a few members of the Maties Underwater Club were representing Boland in the 2010 Underwater hockey Nationals. The tournament was held in one of the local pools, the Strand indoor pool, which was very convenient.

The Boland team played very well. This despite the fact that they have many new players who were playing their first tournament, including some players from the SA junior squad. The coach, JC van Blerk, has been training the juniors in the hope that they will start studying at the university next year and be the new stars of the team. The tournament was a wonderful

experience for the players and an incredible deal was learnt about Underwater Hockey tactics and the quality of the game.

The tournament was brought to an end on Sunday 21 March with finals being played to reveal this year's victors. Maties can be proud as the Boland women's team waltzed away with 3rd place in their league.

2010 SOKKERWÊRELDKEKER

Deel Tien: Beckham se besering kan moontlik Engeland se kans op glorie kniehalter

Britte se Wêreldbekerkanse dalk reënerig

ELRI NIEUWENHUIS

Op 'n kampus met 'n tradisionele rugby-kultuur, sal die gemiddelde student waarskynlik presies weet wie die huidige Springbok-lokkakel is. Indien jy hom sou vra wie Bafana-Bafana se doelwagter is, sal hy jou waarskynlik aankyk met die tipe dowie en verwarde uitdrukking wat soms met party staatsdiens-amptenare geassosieer word. Met 'n ondersteuningsbasis soos dié, is dit egter nie vreemd dat Bafana se Wêreldbekerkanse skraal lyk nie.

Wat van hierdie een: Noem vir my die eerste Engelse sokkerspeler wat in jou kop opkom? Laat ek raai. Jou antwoord was David Beckham.

Beckham het oor die jare geweldige beroemd geraak vir sy besondere talent. Hy is bekend vir die feit dat hy 'n sokkerbal om 'n hoek kan skop. Daarvandaan die gesegde *Bend it like Beckham*.

Dit is juis as gevolg hiervan dat sy onlangse besering die grootste nuus in sokkerkringe is sedert die aankondiging van die verskillende groepe waarin die spanne gaan deelneem. Beckham, wat self vir die geleentheid in Suid-Afrika was, het sy Achilles-tendon geskeur tydens 'n wedstryd wat hy vir 'n Italiaanse

sokkerklub gespeel het. Hy het voor sy operasie in 'n onderhou gesê hy "hoop om 'n spoedige en volkome herstel te maak".

Tog meen kenners dat dit ten minste ses maande sal neem om te herstel. Becks sal waarskynlik die Wêreldbeker vanuit die toeskouersbank moet aanskou.

Natuurlik is hierdie 'n geweldige terugslag vir die Engelse sokker-span, sowel as vir die borge en organisers, aangesien

Beckham se teenwoordigheid meer toeskouers sou gelok het. Beckham

word onder andere deur

Adidas, Motorola en

Armani geborg. Daar

is egter darem nog diegene wat

hoopvol is. Baie kenners argume-

nteer dat Beckham in die verlede

reeds groot terugslae beleef het en

elke keer daarin geslaag het om

weer in volle swang terug te keer.

Beckham is egter nie die Engelse afrigter, Fabio Capello, se enigste probleem nie. Wayne Rooney, wat deur baie mense as Engeland se eintlike ster-speler gesien word, het 'n beseerde knie wat nou weer probleme veroorsaak. Rooney het tydens die kwalifiserende wedstryde nege doele aangeteken. Engelse dagblaaie het berig dat Rooney, wat gereeld buite aksie is as gevoigd

van hierdie spesifieke besering, vir die volgende paar weke nie aan klubwedstryde sal deelneem nie.

Verder was daar ook sprake dat Manchester United se verdediger, Wes Brown, ook nie beskikbaar sal wees vir die Wêreldbeker nie as gevolg van 'n voetbesering. Ondersteuners is egter hoopvol dat hy binne ses weke sal herstel en homself dan in die oorblywende wedstryde sal kan bewys voordat

in ere te herstel.

Engeland se sokker-gees kan vergelyk word met Suid-Afrika se rugby-gees. Daar word besonder baie geld aan bestee en daar is 'n baie goeie ondersteunersbasis. Tog het Engeland nog net een keer die Wêreldbeker gewen, en dit was in 1966. Daar is in 'n kort tydperk reeds bewys dat die aanstelling van Capello as afrigter wel 'n stap in die regte rigting was. Kenners meen dat die Italianer dissipline en fokus in die groep verbeter het. Die span het 'n goeie begin gemaak en nege van die tien wedstryde tydens die kwalifiserende wedstryde gewen.

Volgens Frank Lampard, een van die uitblakers tydens hierdie wedstryde, is daar nuwe ywer en selfvertroue in die span sedert Capello oorgeneem het. Hy erken verder dat hierdie slegs die begin is en dat daar nog "n lang pad met baie harde werk voorlê".

Engeland is saam met die Verenigde State van Amerika, Algerië en Slowenië ingedeel en ondersteuners is vol hoop dat hulle as wenners uit hierdie groep sal tree. Op die oog af lyk dit na die ideale groep vir Engeland. Amerika moet egter nie onderskat word nie, aangesien

hulle goed vertoon het in kwalifiserende wedstryde waartydens hulle die Spanjaarde oortuigend gewen het. Hulle het ook verbasend goed gevaa in die Konfederasiebeker, wat laasjaar in Suid-Afrika gehou is.

Enige iets kan ook verwag word van Algerië, wat ná 'n 24-jaar lange afwesigheid weer aan die toernooi deelneem. Selfs Slowenië het verras toe hulle vir Rusland in Moskou geklop het.

Ten spyte van die vele beserings wat die Engelse sokkerkamp teister, is die ondersteuners en spelers vol moed om die groot name in wêreld-sokker aan te vat. En alhoewel toeskouers Beckham eerder langs die veld sal moet aanskou, behoort sy span darem sonder hom te kan klapkomb.

Ander Engelse spelers wat tydens die toernooi dopgehou kan word, is Wayne Rooney, Frank Lampard, en Peter Crouch.

Bronne: www.fifa.com, www.nctimes.com/sport/soccer en www.guardian.co.uk/football

FIFA
WORLD CUP

WOENSDAG 31 MAART 2010

NEGE-EN-SESTIGSTE JAARGANG | NO 8 | GRATIS OP KAMPUS VERSPREI



BLITSVINVIG Maties se binnesenter, Charl Weideman, is hier op pad om 'n drie vir sy span te druk. Maties het Maandagaand die Varsity Cup-finaal teen hul Kaapse teenstanders van UCT met 17-14 gewen.

Foto: JANDRE ROBBERTZ

US se Eerste-rugbyspan oorkom fel kritiek met derde oorwinning in jaarlikse interuniversiteit-toernooi

Maties oorwin Ikeys in Varsity Cup-finaal

PIET LATEGAN

Die FNB Maties het Maandagaand vir die derde keer agtereenvolgens die Varsity Cup verower met 'n pragoorwinning van 17-14 oor Ikeys.

Groot ophef is vooraf oor die wedstryd gemaak en met goeie rede, want die Maroentruie het in 2010 geskitter en al hul teenstanders laat les opse.

Daar is vooraf uit baie oorde gevra of Maties weer as wenners uit die stryd kan tree en hulle het nie teleurstel nie.

Die wedstryd het teen 'n vinnige tempo begin en dit was gou aan almal duidelik dat altwee spanne die saak baie ernstig opneem.

Ikeys se losskakel, Matt Rosslee,

het vroeg met 'n strafskop geslaag om sy span te laat voorloop, maar dit was duidelik dat Maties iets spesials in die mou voer.

Maties het hierna vir die eerste keer die seisoen volstoom gefunksioneer en twee skitterende drieë gedruk.

Eers het hul linkervleuel, Tythan Adams, 'n vyfpunter aangeteken na goed-ondersteunde spel tussen al sy spanmaats, en hierna het hul binnesenter, Charl Weideman, agter die doellijn gaan kuier ná nog skitterende samespel. Maties se losskakel, André Kemp, was in die kol met een doelskop.

Hierdie dubbele opstopper was van kardinale belang in die uitslag van die wedstryd en dit wou voorkom of Ikeys heeltemal onkant gevang is hierdeur.

Maties het al die gebiedsvoordeel geniet, maar oorhaastigheid aan hul

kant het die Ikeys totale vernedering gespaar. Ikeys se buitesenter, Marcel Brache, het egter hierna 'n suksesvolle lang strafskop gemaak en dit het die Ikeys in die wedstryd gehou.

Dit het terselfdertyd die rustydtel-

Dit was Maties wat aan die krete van die bykans 17 000 toeskouers gehoor gegee het

ling op 12-6 vir die Maroentruie te staan gebring.

Dit wou egter voorkom of die slag al klaar gelewer was.

In die tweede helfte het altwee spanne deurkomkans gesoek, wat broodnodige inisiatief en die uiteindelike wenner sou bepaal.

Dit was Maties wat aan die krete van die bykans 17 000 toeskouers gehoor gegee het, met 'n drie deur hul buitesenter Danie Poolman.

Alhowel Kemp se doelskop nie suwer was nie, het die Maties 'n genoegsame buffer opgebou om met 17-9 voor te loop.

Dit het die Maroentruie amper buite bereik van Ikeys geplaas, maar daar was nog 'n kwart van die wedstryd oor.

Ikeys het hierna alles uitgehaal om die voortou te neem, maar hardnekke verdediging deur Maties het alle aanvalle van Ikeys gefnuik. Die skare is egter getrakteer op 'n spannende einde ná 'n drie deur Ikeys se plaasvervanger-flank, Samkelisiwe "Sam" Peter.

Rosslee se korrel was windskeef, maar dit was nogtans altwee spanne se

kans om nou die wedstryd te probeer wen.

Maties het hierna hardnekke verdedig en sodoende vir hulself nog 'n titel verseker.

Dagbreek kon egter nie op die Matie-sukses voortbou nie en hulle het die onderspit gedelf teen hul eweneknie van Shimlas, Vishuis van Kovsies, met 22-5.

Ikeys se agsteman, JJ Gagiano, is as speler van die wedstryd aangewys en die Matie-kaptein, Lourens Adriaanse, as die voorspeler van die toernooi. Andries Mahoney van Pukke is as die agterspeler van die toernooi aangewys met Boom Prinsloo van Shimlas as die algemene speler van die toernooi.

Daar was verdere vermaak met Marilé Branders van die Universiteit van Johannesburg wat as Mej Varsity Cup 2010 aangewys is.

Steinhoff International



Steinhoff Koshuiswedstrydbepalings 2010 (Eersteliga)

9 April	Steinhoff Helshoogte	vs.	Steinhoff Wilgenhof
9 April	Steinhoff Simonsberg	vs.	Steinhoff Helderberg
9 April	Steinhoff Dagbreek	vs.	Steinhoff Medies
9 April	Steinhoff Eendrag	vs.	Steinhoff Majuba
9 April	Steinhoff PSO Barbarians	vs.	Steinhoff Elsenburg
9 April	Steinhoff Kolonieshof	vs.	Steinhoff Huis Marais



**FIRST NATIONAL BANK
MATIES FIRST TEAM**

FNB MATIES

Maandag 22 Mrt 2010

FNB Maties vs Pukke

47 - 11

Maandag 29 Mrt 2010

FNB Maties vs UCT

17 - 14

